

11 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 10:44-48 (NAV)
Fokusgedeelte: Handeling 10:45-46

Deur die werking van die Heilige Gees prys ook eens heidene God

Dat die evangelie vir alle mense is, toon die Heilige Gees deur Saulus (Paulus) se bekering en ook dié van die Romeinse bevelvoerder Kornelius. Petrus het 'n klomp Joodse wette oortree deur net in die huis van Kornelius, 'n nie-Jood, in te gaan. Maar die mense was só gretig om sy boodskap te hoor dat hy sonder aarseling vir hulle van Jesus vertel.

Terwyl hy nog besig was, het die Heilige Gees op almal gekom wat na hom geluister het. Die Joodse Christene was baie verbaas hieroor gewees. As jy onbesnede was, kon jy nie deel van die Joodse volk wees nie en daarom het hulle gemeen dat die gawe van die Heilige Gees wat aan Israel belowe was, net tot die Joodse Christene beperk is.

Die Here toon egter hier dat die Heilige Gees wat op Pinkster op die kerk uitgestort is, ook in nie-Jode werk. Hy wys dit sigbaar vir hulle deurdat nie-Jode net soos hulle ook die gevolge van die uitstorting van die Heilige Gees beleef. Hulle het ook ongewone tale of klanke gebruik en God geprys. God het deur die Heilige Gees dit moontlik gemaak dat eens heidene nou tot geloof kan kom. Omdat dieselfde Gees ook in hulle werk, is hulle en die Joodse gelowiges een. Daarom kan hulle gedoop word en so in die kerk ingelyf word.

Ons moet oppas dat ons nie ook soos die Joodse Christene die evangelie net vir onself wil opeis, deur te dink dat ander volke, ander tale, nie ook Christene kan wees nie. Ons mag nie op mense neersien nie. Dit is die Heilige Gees wat bepaal wie tot sy kerk behoort. Hy wek die bekering in mense se harte. Daarom kry ons die opdrag om na al die nasies toe te gaan en die mense Jesus se dissipels te maak. Die Gees gebruik ons evangelieverkondiging om op mense te kom en hulle tot geloof te bring.

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Ds. MAF Kruger (Alberton)